

13 November

Psalm 71; (Teks: 71:6)

Beskerm: voor, in en na jou aardse lewe

Een van die wonderlikste gedagtes is dat God met ons is van die oomblik van bevrugting. Hoe 'n groot en wonderlike God aanbid ons wat ons reeds voor ons geboorte beskerm. Hierdie Psalm beskryf die loflied van 'n bejaarde oor die Here se wonderlike beskerming. Selfs in sy ouderdom kan hy nie uitgepraat raak oor die genade en goedheid van die Here nie.

Besef ons dit elke dag dat die Here ons voor, in en na jou aardse lewe beskerm?

Voor jou aardse lewe: 'n Ginekoloog sal aan ons kan vertel dat daar bykans miljoene dinge verkeerd kan gaan in die nege maande van swangerskap. Elke kind wat gebore word, is 'n wonderwerk. Loof die Here dat Hy jou beskerm het en lewe gegee het.

In jou aardse lewe: Ook in hierdie lewe is God jou beskermer. Die Psalmdigter jubel dit uit hoe die Here hom in die lewe beskerm het. Wat 'n besondere troos vir die gelowige. In hierdie lewe word jy beskerm van liggaamlike en geestelike gevaar. Lees gerus Psalm 91 om te sien hoe wonderlik die Here sy beskermende hand oor ons hou. Loof die Here vir die lewe en die wonderlike voorreg om sovele uitdagings in die lewe te ervaar.

Na jou aardse lewe: As God reeds daar was met bevrugting en my dra deur hierdie aardse lewe, is sy beloftes ook dat Hy ons deur die dood sal beskerm en sal dra tot binne die volheid van die ewige lewe. Christus het gekom sodat die dood deurgang kan wees tot die ewige lewe. Ons hoef nie bang te wees vir die dood nie; die engel is weg, ons volg Christus se voetspore.

Loof die Here vir 'n lewe wat nooit sal ophou nie, 'n lewe waarin Hy al die eer sal kry wat Hom toekom.

Sing: Psalm 71:4,5

Ds. P.A. Coetzee (Suidkus)